

Woensdag 6 April

Skrifgedeelte: Maleagi 2:17 – 3:5 (AFR20)

Fokusgedeelte: Maleagi 3:1

Die volk maak die Here moeg

Die mening van die murmurerende volk teenoor God is dat Hy nie sy beloftes hou nie en daarom dat hulle vra: Waar is die God wat oordeel oor die goddelose?

Nou moet die volk hoor dat dit hulle is wat die Here moeg maak met hulle valsheid, 'n rits sondes : toordery, egbreek, valsheid, en die minagting van die regte van die broosstes van die samelewing: die dagloner, weduwee, weeskind en verontregte vreemdeling, en daarmee bewys dat hulle geen ontsag het vir die HERE, Heerser oor alle magte (3:5),nie. Daarom sal Hy sy boodskapper stuur om die pad vir Hom gereed te maak.

Wie kan sy koms verduur, wie kan staande bly? Hy kom om te reinig met vuur en seep en nie om te verwoes nie. Hy suiwer die Leviete van alle onsuiverheid soos edel metale deur vuur gelouter word, hulle bring weer offers in opregtheid.

So roep hierdie voorlaaste hoofstuk van die Ou Testament nog na die vervulling van die moederbelofte (Gen. 3:15), die vervulling wat sou begin met die geboorte van Johannes die Doper, die wegbereider. “Kyk daar is die Lam van God wat die sondes van die wêreld sal wegneem!” Jesus Christus het nie net vir ons sondes gesterf nie, maar die dood oorwin en aan ons sy Heilige Gees gegee.

Leef elke oomblik voluit in die wete dat die Heilige Gees ons laat glo dat God ons Vader is deur die geloof in Jesus Christus.

Sing: Psalm 105-1:5

Ds. S Hibbert (Simon) (emeritus)